higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

TIMMER- EN DAKWERKTEORIE N2

24 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Bukswaterpas:✓ Dit word gebruik om hoogtes van verskillende punte in verhouding tot die horisontale lyn oor lang afstande oor te dra en te verkry.✓

1.2 Waterpas:✓ Dit word gebruik om hoogtes oor te dra van een waterpas punt na ’n ander punt wat nie op dieselfde hoogte gemeet kan word nie, bv. ’n ander kamer.✓

1.3 Meetstok:✓ Dit word gebruik om lengtes en opmetingsgebiede van verskeie groottes fisies te meet.✓

1.4 Lugbelwaterpas:✓ Dit word gebruik om te kontroleer of horisontale oppervlakke waterpas en vertikale oppervlakke loodreg is.✓

1.5 Skietlood:✓ Dit word gebruik om te kontroleer of strukture vertikaal loodreg is.✓

(Enige relevante 5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Onwaar✓
Spykerplaatverbinders word gebruik om dakkappe wat nie op die terrein vervaardig is nie, inmekaar te sit.✓ (2)

2.1.2 Waar✓ (1)

2.1.3 Onwaar✓
Die hoofstyl is die hoofsteunstruktuur in ’n Howedakkap-konstruksie.✓ (2)

2.1.4 Onwaar✓
Wiplatte is groter as die ander daklatte ten einde die eerste ry panne te ondersteun.✓ (2)

2.1.5 Waar✓ (1)

2.2 2.2.1 Halfkap
2.2.2 Wolfent
2.2.3 Hoekspar
2.2.4 Kiel of kielspar
2.2.5 Dakrand/oorhang
2.2.6 Volledige kappe / hoofkappe
2.2.7 Windveer
2.2.8 Gewelmuur
2.2.9 Muurplaat
2.2.10 Nok
2.2.11 Steunwolfhoek ('flying hip')
2.2.12 Kortspar

(12 × 1) (12)
[20]

VRAAG 3

3.1 Kenmerke:
- Verf met 'n oliebasis
- Bly altyd klewerig en buigsaam
- Dit bly sag in die middel (Enige relevante 2 × 1) (2)

Toepassing:
- Om metaal teen roes te beskerm, veral onreëlmatige vorms. (Enige relevante 1 × 1) (1)

3.2 Kenmerke:
- Dit is 'n vloeistof met 'n waterbasis, wat dit 'n buigsame materiaal maak.
- Dit kan met 'n kwas aan die oppervlak gewend word tesame met die waterdigte membraan.
- Dit son maak dit oor 'n lang tydperk bros. (Enige relevante 2 × 1) (2)

Toepassing:
- Word as verseëlaar gebruik vir voegskorte om skoorstene en borsweringmure. (Enige relevante 1 × 1) (1)

3.3 Kenmerke:
- Dit is lig, sag en buigsaam.
- Dit kan die vorm van enige patroon of area aanneem waaraan dit gewend word.
- Dit is uiters bestand teen skeuring. (Enige relevante 2 × 1) (2)

Toepassing:
- Word as onderlegging in dakkonstruksiewerk gebruik.
- Word in steenwerk as waterdigtingsmetode gebruik (voglaag). (Enige relevante 1 × 1) (1)

3.4 Kenmerke:
- Dit is 'n kombinasie van teer, spesiale bymiddels en petroleumoplosmiddels.
- Dit is swart en kan met 'n kwas, roller of sproeispuit aangewend word. (Enige relevante 2 × 1) (2)

Toepassing:
- Dit word gebruik vir waterdigting, veral vir plat betondakke en tenks in ondergrondse geboue. (Enige relevante 1 × 1) (1)

3.5 Kenmerke:
- Dit kan die vorm aanneem van die deel of area waaraan dit gewend word.
- Dit word met 'n kwas of lap aangewend. (Enige relevante 2 × 1) (2)

Toepassing:
- Dit word as 'n waterdigte verseëlaar gebruik. (Enige relevante 1 × 1) (1)

[15]

VRAAG 4

- Skep 'n uitgangsmerk, lê die posisie vir die hoeklatwerk uit en monteer dit op die bindbalk.
- Merk die posisie vir die res van die latwerkruimtes op die twee entbindbalke uit.
- Dra al die merke met 'n slaglyn na die oorblywende bindbalke oor en monteer die latwerk op die bindbalke.
- Met 'n spasieerblok, kontroleer en belyn die latwerk waar nodig.
- Posisioneer en monteer die tussenlatwerk om die breedte van die plafonplank te akkommodeer.
- Pas en monteer die plafonplanke met grootkopspykers.
- Pas en monteer die kroonlys om die voeg tussen die plafon en die muur te bedek.
- Pas en monteer die dekstrook om die voeg tussen die plafonplanke te bedek.

(Enige relevante 8 × 1) **[8]**

VRAAG 5

5.1 5.1.1



5.1.1 Reghoekige erker

Skets:	2
Naam:	1
Totaal:	3

(3)

5.1.2



5.1.2 Ronde erker

Skets:	2
Naam:	1
Totaal:	3

(3)

5.1.3



5.1.1 Uitgeskuinste erker of faseterker

Skets:	2
Naam:	1
Totaal:	3

(3)

5.2
- Om daglig aan 'n solderkamer te voorsien
- Om ventilasie te verskaf
- Voeg bykomende ruimte by die kamer
- Dit sal die voorkoms van die gebou se buitekant te verbeter (4)

5.3 'n Erker is 'n vooruitspringende ronde of driesydige venster met sy eie onafhanklike dakstruktuur en syruite wat voor die buitemuur uitsteek.

(Enige relevante 2 × 1) (2)

[15]

VRAAG 6



Skets:	5
Benoemings:	maks. 5
Korrektheid:	1
Totaal:	12

[12]

VRAAG 7: SLEGS TIMMERWERKKANDIDATE

7.1 7.1.1 Die staalstutte of houtstutte moet in staat wees om die bekisting stabiel in die vereiste posisie te hou, en die bekisting moet die nat beton kan ondersteun terwyl dit hard word.

7.1.2 Die konstruksie moet sterk genoeg wees om die dooie las van die nat beton daarop te dra sonder die gevaar dat dit ineen sal stort of lek.

7.1.3 Al die voeë moet toe wees en moet styf inmekaar pas om te keer dat enige voegbryverlies of -lekkasie tydens die plaas- en verhardingsproses.

7.1.4 Die bekisting moet akkuraat en konsekwent wees, moet volgens die spesifikasies ineengesit word en moet stabiel bly tydens die plasingsproses, met geen afwykings van metings nie.

7.1.5 Die bekistingstrukture moet op so 'n manier saamgestel word dat dit maklik gebou, verskuif, gelykgemaak en hergebruik kan word.

(5 × 2) (10)

7.2
- Kopplaat
- Voetbalk
- Muurskotstyl – en tussenskotstyle
- Timmermesselwerk (4)

7.3 Skoring is 'n vorm van tydelike stutting✓ vir boustrukture wat defektief is en moontlik kan ineenstort wanneer verbouings gedoen word.✓ (2)

7.4
- Om strukture te ondersteun wat tekens van swakheid toon weens grond- of fondamentinsinking
- Strukture wat defektief geword het en heel waarskynlik gaan ineenstort
- Om die mure te ondersteun van strukture wat geneig is om uit te bol en te kraak
- Om ’n nabygeleë struktuur of gebou te ondersteun of waar baie verbouings gedoen word
- Om die vereiste voorsorg en veiligheid te verskaf om te keer dat ’n geboustruktuur wat ineenstort enige skade aan enige persoon of eiendom veroorsaak
- Om ondersteuning aan ’n nabygeleë struktuur of gebou te bied wanneer sloping plaasvind. (Enige relevante 4 × 1) (4)

[20]

VRAAG 8: SLEGS DAKWERKKANDIDATE

8.1

8.1.1
- Sweis
- Soldering
- Groeflas
- Klinkwerk

8.1.2
- Oorslaglas
- Klinkwerk
- Sweissoldering
- Sweis
- Groeflas

8.1.3
- Klinkwerk
- Gewalste en gegroefde las
- Sweissoldering
- Sweis

8.1.4
- Las met gegroefde naat
- Hardsoldering
- Sweissoldering
- Sweis

8.1.5
- Sagsoldering

8.1.6
- Las met gewalste en gegroefde naat
- Sagsoldering

(Enige relevante 6 × 1) (6)

8.2 'n Ontlugpypvoegskort, gewoonlik lood en gegalvaniseerde yster, is 'n waterdigtingsmetode wat in 'n patroon uitgesny word en om 'n ontlugpyp vasgemaak word om te keer dat reënwater 'n gebou deur die dakstruktuur binnedring. (2)

8.3
8.3.1 Geut
8.3.2 Uitlaat
8.3.3 Knik, elmboog of swaannek
8.3.4 Pypboei
8.3.5 Geutpyp
8.3.6 Geutpypvoet

(6 × 1) (6)

8.4 Waterdigting is die verseëling van voeë en openinge sodat geen reënwater deur 'n gebou kan sypel nie. Dit sluit ook die aanwending van 'n voglaag in. (2)

8.5
8.5.1 C
8.5.2 D
8.5.3 A
8.5.4 B

(4 × 1) (4)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou